higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

27 Februarie 2018 (X- Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCS

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die skakel tussen onderrig en leer (‘teaching and learning’) bestaan uit:

A inhoud, leermateriaal en omgewing
B klaskamer, plakkate en aktiwiteite
C leerder, inhoud en opvoeder (‘educator’)
D handboeke en aktiwiteite

1.1.2 Mense wil kennis hê, omdat...

A dit hulle help om die werklikheid beter te verstaan
B dit hulle meer mag gee
C dit hulle sintuie ontwikkel
D dit hulle help om te sosialiseer

1.1.3 Wanneer leerders op 'n oueraand danse van verskillende kulture doen met die doel om diversiteit te implementeer, verteenwoordig die danse die volgende aspek:

A Die integrasie van inhoud
B Opbou van kennis
C Bemagtiging
D Billikheid

1.1.4 Die opvoeder kan onderrig en leer van 'n hoë gehalte bereik deur...

A elke jaar dieselfde lesplan te gebruik
B akademiese tydskrifte te lees en werkswinkels by te woon
C ander onderwysers na te maak
D leerders te vra om te sê wat hulle wil doen

1.1.5 Die sewestapbenadering om te voorsien in kinders se behoeftes staan bekend as INCLUDE. Die L staan vir...

A lui leerders (‘lazy learners’)
B kyk uit vir potensiële probleme (‘look for potential problem areas’)
C leer op jou eie (‘learning on your own’)
D laat kinders leer wat hulle wil (‘let children learn what they want’)

1.1.6 'n Voorskoolse kind wat al self toilet toe kan gaan en ander respekteer, het op die volgende gebiede ontwikkel:

A sosiaal en fisies
B emosioneel en taal
C moreel en verstandelik (‘mental’)
D fisies en moreel

Kopiereg voorbehou

1.1.7 As kinders se emosies, menings en houdings deur mense na aan hulle gevorm word, leer die kinders ...

A om te onderskei tussen reg en verkeerd
B om te dink dit is die enigste manier waarop die wêreld werk
C hulle kan hulle ervarings verkeerd interpreteer
D hulle kan tradisies net blindelings volg

1.1.8 Deelnemende leer (‘deelnemende leer’) is wanneer die leerder...

A betrokke is by die leerproses
B 'n ander leerder se werk afkskryf
C outonoom is
D volgens sy/haar leerstyl leer

1.1.9 Een van die volgende stellings is 'n uitgangspunt van UGO (‘OBE’):

A leer gaan nie na skool voort nie
B leerders beheer die toestande vir suksesvolle leer
C alle leerders kan leer en suksesvol wees, maar nie ewe vinnig nie
D suksesvolle leer bevorder nie toekomstige sukses nie

1.1.10 As 'n deelnemende benadering gevolg word, is die volgende eienskappe teenwoordig:

A 'n onderwyser maak seker die werk word gedoen
B werk word streng volgens die lesplan gedoen
C 'n handboek is die enigste beskikbare hulpmiddel
D elke individu neem verantwoordelikheid om te leer

(10 × 1) (10)

1.2 Om diversiteit in die klaskamer te bring, beteken ons sluit leerders van verskillende gelowe, ouderdomme en geografiese gebiede in.

Noem VYF ander diversiteitsfaktore wat 'n mens kan beïnvloed. (5 × 1) (5)

1.3 Noem VYF aspekte waaraan onderwysers moet aandag gee wanneer hulle beplan om diversiteit in 'n skool in te stel. (5 × 1) (5)

1.4 Kinders moet redeneer oor nuwe inligting en vrae vra oor die inhoud wat vir hulle aangebied word.

Noem en beskryf die rasionaal/beweegrede vir deelnemende leer. (4 × 2) (8)

1.5 Wat beteken die term *Ubuntu*? (1 x 2) (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Onderwysers speel SEWE verskillende rolle.

Teken 'n breinkaart (‘mind map’) met die ‘opvoeder se rolle’ as tema. ((7 × 1) + 2) (9)

2.2 Outonome leer is belangrik vir 'n skaam en introverte leerder.

Noem SES faktore wat die sukses van outonome leer sal verseker. (6 × 1) (6)

2.3 Tegnologie het deel geword van ons daaglikse lewens.

Noem DRIE plekke waar jy tegnologie daagliks teenkom. (3 x1) (3)

2.4 Noem TWEE gesinsverwante ondervindings wat die keuse van inhoud kan beïnvloed. (2 × 1) (2)

2.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.5.1 Koerante en tydskrifte kan 'n bron van inligting wees.

2.5.2 Materiaal moet gedruk word om 'n bron van inligting te wees.

2.5.3 Onderwysers moet vir leerders geleenthede skep om nuwe inligting te ontdek.

2.5.4 Kennis word gebaseer op ondervinding.

2.5.5 Vygotsky het gefokus op hoe waardes, vaardighede, oortuigings en tradisie van een geslag na die volgende oorgedra word.

2.5.6 'n Kind se gesin en kultuur kan nie in sy skoolwerk ingesluit word nie.

2.5.7 'n Mens kan met net die basiese lewenskennis oor die weg kom mits daar in sy/haar behoeftes voorsien word.

2.5.8 Geletterdheid is die vermoë om te lees en skryf.

2.5.9 Die hoë werkloosheidsyfer is nie die oorsaak van misdaad in die land nie.

2.5.10 'n Land se regering is nooit aanspreeklik of verantwoordelik vir hulle dade nie.

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 3

3.1 Daar word al lank geredeneer oor die belangrikheid van kennis en hoe mense leer. Pas 'n denkskool in KOLOM B by die beskrywing van 'n teorie in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Deur te redeneer bekom jy ware kennis wat seker, objektief, onveranderlik en universeel sal wees.	A	Pragmatisme: rasionalisme en empirisisme gekombineerd
		B	Konstruktivisme: kennis is die bou van 'n leerder
3.1.2	Die fokus is op hoe waardes, oortuigings, vaardighede en tradisies van een geslag na die volgende oorgedra word.	C	Sosiokulturalisme: kennis word bekom uit die sosiale en kulturele kontuiks
3.1.3	Priori-waarhede is 'n waarheid soos die feit dat 'n driehoek drie sye het. Ons eie oordeel oor dinge wat op ons ervaring gebaseer is, word 'n posteriori genoem.	D	Rasionalisme: kennis is objektief en ekstern aan elke persoon
		E	Behaviourisme: die studie van gedrag

(3 × 2) (6)

3.2 Die leeromgewing skep 'n positiewe ruimte waar kinders onafhanklik kan word. Jy het jou klaskamer in verskillende areas verdeel.

Wat sal jy in die volgende areas doen om te verseker dat die leer- en onderrigmateriaal geskik en voldoende is vir jou leerders?

3.2.1 Die klaskamer

3.2.2 Drama-speelarea

(2 × 2) (4)

3.3 Suid-Afrikaners se standpunte en oortuigings oor wat hulle burgerlike regte is, verskil. Die volgende vrae bevat twee stellings met teenoorgestelde standpunte. Kies die standpunt wat jy die sterkste ondersteun en motiveer waarom jy dink dit is in lyn met demokrasie.

Skryf slegs A of B en jou mening langs die vraagnommer (3.3.1– 3.3.2) in di ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 A Die persoon met die hoogste kwalifikasie en die meeste ervaring moet die pos kry.

B Kwalifikasies en ervaring is irrelevant. Die BEE-beginsel moet op alle vakante poste toegepas word. (3 × 1) (3)

3.3.2 A Slegs meerderheidsgroepe moet toegelaat word om hulle mening te lug.

B Almal moet die geleentheid kry om hulle mening te lug.(3 × 1) (3)

3.4 Jy was vanoggend haastig en het nie ontbyt geëet nie. Tydens pouse ontdek jy jy het jou toebroodjies by die huis vergeet. Jy het buitemuurse aktiwiteite en gaan eers laat huis toe. Jy is baie honger.

Noem EEN innoverende oplossing vir jou probleem. (1 x 2) (2)

3.5 Noem VYF verskillende aktiwiteite wat jy in 'n voorskoolse leeromgewing kan instel. (5 × 1) (5)

3.6 Maslow se teorie is op die behoeftehiërargie gebaseer.

Noem die VIER behoeftes wat tot selfaktualisering lei in die regte volgorde van die laagste na die hoogste. (4 × 1) (4)

3.7 Kinders moet baie voorwerpe verken om kennis te ontdek.

Noem EEN soort materiaal in jou klaskamer onder elk van die volgende opskrifte:

3.7.1 Oop (‘open-ended’)

3.7.2 Leidinggewend (‘guided’)

3.7.3 Selfkorrigerend (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Inhoud kan op verskillende maniere georden word.

Onderskei tussen *chronologiese ordening* en *lineêre ordening* deur te verwys na EEN eienskap van elk. (2 × 2) (4)

4.2 Om anders te wees beteken nie om minderwaardig te wees nie.

Noem DRIE doelwitte van multikulturele onderwys. (3 × 1) (3)

4.3 Suid-Afrika staan voor die uitdaging van volwasse ongeletterdheid. Baie programme is reeds ontwikkel om die uitdaging aan te spreek.

4.3.1 Noem EEN implikasie van ongeletterdheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (1× 2) (2)

4.3.2 Wat is die gevolge van ongeletterdheid vir die individu? (1 × 2) (2)

Kopiereg voorbehou

4.4 Mense het kennis nodig om te oorleef.

Noem DRIE voorbeelde van hoe kennis met oorlewing kan help. (3)

4.5 Met verwysing na ondersteunende leer- en onderrigmateriaal, dui aan watter van die volgende stellings 'n *relevante* of *betekenisvolle beginsel* is. Skryf slegs 'relevant' of 'betekenisvol' en 'n kort motivering langs elke vraagnommer (4.5.1–4.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.5.1 The support material has an impact on the learner.

4.5.2 The support material matches the content and the real-world of the learner.

(2 × 2) (4)

4.6 Met verwysing na ordeing, moet inhoud 'n beginpunt hê en opbou tot waar kennis verbreed.

Bespreek hoe die volgende TWEE konsepte die beginsel hier bo volg en gee 'n voorbeeld van hoe dit in die klaskamer toegepas kan word.

4.6.1 Spiraalordening (2 × 2) (4)

4.6.2 Konkreet na abstrak (2 × 2) (4)

4.7 Noem enige VIER kontekstuele faktore wat 'n leerder sal beïnvloed en wat in ag geneem moet word by lesbeplanning. (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Mense leer deur middel van vyf sintuie, maar onstandighede en ervarings sal die manier waarop iets ervaar word beïnvloed.

5.1.1 'n Kind met diabetes wat homself daagliks inspuit raak gewoond daaraan.

Wat sal die diabetiese kind se persepsie van inspuitings wees?

5.1.2 Hoe sal 'n gesonde kind wat nog nooit 'n inspuiting gehad het nie dit ervaar?

(2 × 2) (4)

5.2 Noem DRIE redes waarom jy dink dit is belangrik om die vak Kuns en Wetenskap van Onderrig deel te maak van 'n leerprogram oor onderwys en ontwikkeling. (3 × 2) (6)

5.3 Piaget het 'n leeromgewing waar aktiewe ontdekking op skool kan plaasvind aangemoedig asook dat die leerder tyd gegun moet word om kennis te bou en te herbou.

Bespreek TWEE metodes wat 'n onderwyser kan gebruik om Piaget se teorie in die voorskoolse omgewing te implementeer. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.4 Dewey sê mense dink na oor wat hulle leer terwyl hulle inligting assimileer.

Noem TWEE praktiese voorbeelde van hoe dit in die klas kan gebeur.

(2 × 2) (4)

5.5 Die volgende sin is nie in ooreenstemming met wat ons as outonome leer beskou nie.

Verander die sin om die betekenis van outonome leer weer te gee.

Die klas luister stil terwyl mev. Jones hulle van die verskillende leerstyle vertel.

(2 × 2) (4)

5.6 Kies DRIE van die volgende stellings wat die eienskappe/vaardighede van 'n outonome leerder beskryf. Skryf die relevante vraagnommers (bv. 5.6.1) en die meegaande stelling in die ANTWOORDBOEK.

5.6.1 Khanisa geniet dit om in 'n groep te werk.

5.6.2 James maak sy eie aantekeninge van werk wat hulle in die klas behandel.

5.6.3 Sarah raak gefrustreerd met Wiskundige Geletterdheid en besluit om haar vriendin se antwoorde die volgende dag af te skryf.

5.6.4 Sipho besluit om 'n studiegroep te begin en sy vriend die rekenaarvaardighede te leer wat hy in Lewensoriëntering geleer het.

5.6.5 John kom agter dis makliker om te leer as hy breinkaarte (‘mind maps’) van die werk teken.

(3 × 2) (6)

5.7 Wat word van studente verwag as onderwysers hulle aanmoedig om *kritiese oorweging en denke* (‘critical reflection and thinking’) te ontwikkel? (1 × 2) (2)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou